PERSVERKLARING

DIE MIELIETRUST

UITNODIGING OM BEFONDSINGSAANSOEKE IN TE DIEN

Die Mielietrust dien die Suid-Afrikaanse mieliebedryf deur finansiële ondersteuning aan instansies en organisasies wat projekte bedryf in mark- en produksie verwante navorsing, die insameling, verwerking en verspreiding van markinligting en die uitbreiding van marktoegang.

Die Trust wil graag alle instansies en organisasies in die mieliebedryf uitnooi om aansoeke vir befondsing by die Trust in te dien. Die algemene norm vir befondsing is dat elke projek waarvoor om befondsing aansoek gedoen word, 'n meetbare en kwantifiseerbare resultaat moet toon, wat in ooreenstemming is met die doelstellings van die Trust.

Die Trust het ses Trustees wat elke tweede jaar deur beide die staat en die bedryf aangewys word. Die huidige Trustees is:

Mnr. H.J. Botma	Mnr. C.K. Ferreira
Mnr. J.H. Gordon	Mnr. L.A. Makenete
Mev. G.M.B. Mokoena	Mnr. L. Wolthers

Mnr. Bully Botma, Voorsitter van die Trust, sê, "Sedert die totstandkoming van die Mielietrust in 1998 tot op hede, het die Trust al bykans R80 miljoen aan befondsingsaansoeke toegestaan wat betrekking het op navorsing, ontwikkeling en inligtingsprogramme in die mieliebedryf. Die Trustees is egter oortuig dat daar meer vir die bedryf gedoen kan word en daarom nooi ek enige instansie of organisasie met projekte wat beoog om die bedryf tot voordeel te strek, om aansoek te doen om befondsing."

Die norme, prosedures en voorwaardes vir befondsingsaansoeke kan van die Trust se Administrateurs bekom word. Die kontakbesonderhede is soos volg:

L & L Landboudienste
Posbus 12203
QUEENSWOOD
Pretoria
0121

Tel no. (012) 333-3429
Fax no: (012) 333 3634
e-pos: l-lagric@mweb.co.za

Uitgereik deur – Die Mielietrust
Pretoria
1 Augustus 2002

XXXXXXXXXXXX